# Hoofstuk van die dag: 1 Petrus 4

> *Wees liewer bly hoe meer julle in die lyding van Christus deel, want dan sal julle ook oorloop van vreugde by sy wederkoms in heerlikheid. (vers 13)*

Petrus vra nie dat ons smartvrate moet wees nie. Hy sê deur

ons lyding deel ons in die lyding van Christus. Op ’n misterieuse wyse word ons lyding opgevang in die lyding van Christus. Dis nie iets wat ons met ons verstand kan deurdink nie. Tog is dit ’n realiteit. Christus het immers gekom om ons lyding op Hom te neem (Jes 53:4).

Toe ek deur ’n baie donker tyd in my lewe gegaan het en ek van alle kante aangeval is, persoonlik en in my werk en huwelik, was dit juis dié gewaarwording wat my uiteindelik deurgedra het: deur my lyding kry ek deel aan Christus se lyding. Hy dra my swaarkry en verguising, maar deur my seerkry buk ek ook in onder sy kruis en help Hom om dit te dra. Dis as ’t ware of ek saam met Hom na Golgota gestrompel het!

Word stil en bedink dit. Sien Hom voortbeur met sy kruis na Golgota, en hoe jy onder sy kruis inbuk. Vreemd hoeveel dié wete my getroos het en steeds troos. Dalk troos dit jou ook.



© Bybelkoerant 2018 – 2026